



BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT

Kennisgewing // Notice No. 32/2024



VERKOOP VAN VAKANTE ERWE: ERF 4474 EN 4492: BEAUFORT WES // SALE OF VACANT ERVEN: ERF 4474 AND 4492: BEAUFORT WEST

Kennis geskied hiermee dat die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes die onderstaande vakante eiendomme uit die hand uit te koop aanbied, uitsluitlik vir die ontwikkeling van residensiële doeleindes soos omskryf in die Soneringskema Verordening van toepassing op Beaufort-Wes Munisipale jurisdiksie area:-

Notice is hereby given that the Local Council for Beaufort West offer the below vacant properties for sale, exclusively for the development of residential purposes as defined in the Zoning Scheme By-law applicable to Beaufort West Municipal jurisdiction area:-

Beaufort Wes				
Erfnommer	Grootte	Huidige Sonering	Liggingsadres	Minimum Prys BTW ingesluit
4474	Ongeveer 470 m ²	Enkel Residensiële Sone I	23 Walestraat	R 23 000
4492	Ongeveer 426m ²	Enkel Residensiële Sone I	62 Renierstraat	R 23 000

Die volgende voorwaardes is van toepassing:-

1. Die sluitingsdatum is **Maandag 25 Maart 2024 om 14:00**.
2. Aanbiedinge moet op die voorgeskrewe bodvorm, wat vanaf die ondergetekende verkrygbaar is, gemaak word.
3. Aanbiedinge moet in 'n *geseëldde koevert* en gemerk "**Kennisgewing Nr. 32/2024: Verkoop van Vakante Erwe: 4474 en 4492**" ingedien word in die Tenderbus by die Kantoor van die Voorsieningskanaal Bestuur, Uniestraat, Beaufort-Wes of gepos word aan die Munisipale Bestuurder, Privaatsak 582, Beaufort-Wes, 6970.
4. Die volgende sal lei tot onmiddellike diskwalifisering:-
 - 4.1 Aanbiedinge wat deur middel van e-pos, faksimilee, telegram of enige ander manier ingedien word behalwe op die wyse soos genoem in paragrafe 2 en 3 hierbo.
 - 4.2 Onverseëldde en of ongemerkte aanbiedinge.
 - 4.3 Aanbiedinge ontvang/ingedien na die sluitingstyd en datum soos vermeld in paragraaf 1 hierbo.
 - 4.4 Aanbiedinge wat nie op die voorgeskrewe bodvorm ingedien is nie.
5. Elke voornemende koper en of sy/haar direkte familie en of enige ander regs persoon waarvan die voornemende koper die eienaar of meerderheidsaandeelhouer is, sal toegelaat word om 'n maksimum van 2 erwe te koop. Voornemende kopers kan wel 'n aanbod maak vir meer as een erf in prioriteitsvolgorde soos aangetoon op die voorgeskrewe bodvorm.
6. Indien voornemende kopers nie die prioriteitsvolgorde uitdruklik op die bodvorm aandui nie sal die volgorde van die erfnummers aanvaar word as prioriteitsvolgorde.
7. Vanaf die datum van koop, sal kopers verplig wees om binne 12 maande 'n woning met 'n minimum waarde van R200,000.00 op die eiendom op te rig. Indien sodanige gebou nie soos voormeld opgerig word nie, sal gelikwiderde skadevergoeding gelykstaande aan die belasting bereken op 'n munisipale waardasie van R200,000.00 (Tweehonderdduisend Rand) aan die Raad betaalbaar wees, benewens die belastings gehef op die waardasie van die grond, totdat sodanige geboue tot bevrediging van die Raad voltooi is.
8. Aanvaarding van aanbiedinge sal geskied op die grondslag van hoogste aanbod met inagneming van sekere kortings wat toegestaan kan word aan voorheen benadeelde individue, welke kortings onderworpe is aan sekere voorwaardes. In die geval van gelyke aanbiedinge vir dieselfde erf, sal die toekenning beslis word deur die opskiet van 'n muntstuk.
9. Bodvorms moet op elke bladsy, deur die prinsipaal (koper) en twee getuies parafeer wees en op die laaste bladsy volledig onderteken word.

10. Bodvorms wat nie aan die voormelde vereistes voldoen nie, en of nie vergesel gaan met die vereiste stawende dokumente nie, sal nie oorweeg word nie.
11. Enige navrae in verband met hierdie kennisgewing kan gerig word aan die Snr. Administratiewe Beampte: Korporatiewe Dienste, Mej. J. Visagie by telefoonnommer 023-414-8193 gedurende kantoorure op Maandae tot Vrydae vanaf 07:30 tot 13:00 en 13:45 tot 16:15.

Volledige besonderhede met betrekking tot die bogemelde aansoek lê ter insae by die Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes vanaf Maandae tot Vrydae vanaf 07:30 tot 13:00 en 13:45 tot 16:15.

Besware en of kommentaar teen die voorgestelde vervreemding en of alternatiewe aanbiedinge moet skriftelik en met vermelding van volledige redes vir sodanige besware by die ondergetekende ingedien word voor of op **Maandag 25 Maart 2024 om 14:00**.

Beaufort West				
Erf No.	Extent	Current Zoning	Location address	Minimum Price VAT included
4474	Approximately 470 m ²	Single Residential Sone I	23 Wale Street	R 23 000
4492	Approximately 426 m ²	Single Residential Sone I	62 Renier Street	R 23 000

The following conditions apply: -

1. The closing date is **Monday 25 March 2024 at 14:00**.
2. Bids must be submitted on the prescribed bid document which is available from the undersigned.
3. Bids must be submitted in a sealed envelope clearly marked "**Notice No. 32/2024: Sale of Vacant Erven: 4474 and 4492**" in the Tender box at the Office of the Supply Chain Management, Union Street, Beaufort West or mailed to the Municipal Manager, Private Bag 582, Beaufort West.
4. The following will lead to immediate disqualification: -
 - 4.1 Bids submitted by e-mail, fax, telegraph or any other way than stated in paragraphs 2 and 3 above.
 - 4.2 Unsealed and or unmarked bids.
 - 4.3 Bids received/submitted after the closing time and date stipulated in paragraph 1 above.
 - 4.4 Bids not submitted on the prescribed bid document.
5. Each prospective buyer together with his/her direct family or any other legal entity of which the prospective buyer is the owner or majority shareholder will only be entitled to buy a maximum of (2) three ervens in the respective residential areas. However prospective buyers will be allowed to submit a bid on more than one erf according to priority as stipulated on the prescribed bid document.
6. If prospective buyers neglect to indicate their choice of priority on the bid document the sequence of the erf numbers will be regarded as the choice of priority.
7. Within 12 months from the date of sale, buyers are compelled to erect a dwelling with a minimum value of R200, 000.00 on the purchased property. If such building is not erected as aforesaid, liquidated damages equal to the taxes calculated on a municipal valuation of R200,000.00 (Two Hundred Thousand Rand) will be payable to the Council, in addition to the taxes levied on the valuation of the land, until such buildings have been completed to the satisfaction of the Council.
8. Acceptance of bids will be done on the basis of the highest bid taking in to consideration certain discount to historically disadvantage individuals, which discounts are subject to certain conditions. In the event of an equal bid for the same property, the bid will be awarded by the tossing of a coin.
9. Bid forms must be signed on each page, initialled by the principal (purchaser) and two witnesses and signed in full on the last page.
10. Bid forms which does not comply with the aforementioned requirement and or which are not accompanied by the required documentary proof, will not be considered.
11. Enquiries regarding this notice can be directed to the Snr. Administrative Officer: Corporative Services Ms. J. Visagie at telephone no. 023-414-8193 during office hours

on Mondays to Fridays from 07:30 - 13:00 and 13:45 to 16:15.

Further details regarding the abovementioned application are available for inspection at the Office of the Director: Corporative Services, 112 Donkin Street, Beaufort West from Mondays to Fridays between 07:30 till 13:00 and 13:45 till 16:15.

Objections and or comments, if any, against the proposed alienation and or alternative bids, stating full reasons for such objections, must be lodged in writing with the undersigned on or before **Monday 25 March 2024 at 14:00.**

Munisipale Kantore // Municipal Office
Donkinstraat 112 Donkin Street
Beaufort-Wes (t)
6970

Mnr / Mr **D.E. Welgemoed**
Munisipale Bestuurder //
Municipal Manager

Verw. // Ref. No. 7/3/4/1/3/2
Datum // Date: 23 February 2024